# Maar Nou

# Deel 2 - Geheilig

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Watter persoon, wat jy persoonlik ken, was nog altyd vir jou 'n inspirasie vir jou geloofslewe in hoe hulle optree en leef? Hoekom?**

**As jy dink aan jou kinderjare – wat was "heilige" tye, plekke of dinge, waar jy meer moes reg optree, ekstra respek hê of jouself baie meer moes "gedra"? Hoekom was dit so? Hoe het dit jou laat voel?**

**Wat was die gevolg as jy nie reg opgetree het by hierdie plekke of in hierdie tye nie? Deel met jou groep.**

**Hoe sal jy vir iemand anders verduidelik wat die woordjie "heilig" beteken? Dink jy as gelowige so oor jouself? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Efesiërs 1:4. Hoe laat dit jou voel as jy besef God het gekies dat jy heilig voor Hom moet leef? Hoe laat dit jou dink oor jou lewe op hierdie stadium? Verduidelik.**

**Efesiërs 5:1. Wat dink jy beteken dit om God se voorbeeld te volg?**

**1 Korintiërs 1:30. Watter drie dinge het Jesus vir gelowiges geword? Wie is dus verantwoordelik vir ons heiliging? Hoe sluit dit aan by 1 Korintiërs 6:11?**

**Efesiërs 4:21-24. Wat staan vir jou uit van hierdie gedeelte?**

**1 Petrus 1:15. Wat dink jy bedoel Petrus "in julle hele lewenswandel"?**

**In die preek is daar 3 gebede genoem wat ons kan bid: 1) Heilige Gees, wys my; 2) Heilige Gees, verander my; en 3) Heilige Gees, gebruik my. Is daar een van hierdie wat meer spreek tot jou hart op die oomblik? Verduidelik.**

**In watter area van jou lewe wil jy geestelike groei sien? Wat is een ding wat jy kan doen wat jou daarmee kan help?**

**Lees Sagaria 4:6. Skryf 'n gebed neer waarin jy vir die krag van die Heilige Gees vra om dinge te wys en te verander in jou lewe.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**